

VAKATURE:

Uitreikbestuurder: NG Kerk Helderberg

Helderberg Gemeente is gesetel binne die Ring van Somerset-Wes. Die gemeente onderskryf die Bybel as die Woord van God. Ons het ? passie vir God en ? hart vir mense en ? wêreld in geestelike en fisiese nood.

Die werknemer moet ? lidmaat van die NG Kerk wees/word, wat nie deur enige ander ooreenkomste, teenstrydige oortuigings of beperkings daarvan weerhou word om diens in die gemeente te lewer nie.

Die pos behels die volgende:

- Samewerking met vrywilligers en donateurs.
- Begeleiding en emosionele versorging van Uitreik Personeel en Projekleiers.
- Samewerking binne die kerklike struktuur.
- Finansiële bestuur.
- Bemaking.
- Kommunikasie.
- Opleiding.
- Administrasie.
- Projekbestuur.
- Selfontwikkeling.
- Fondswerwing

Die werknemer erken dat sy/haar voorbeeld, optrede en ywer die kwaliteit van gemeentelike funksionering mede-bepaal en hy/sy onderneem om:

- erns met sy/haar persoonlike Bybelstudie en gebedslewe te maak;
- sy/haar lewensinstelling en optredes op hoë morele standarde te bou;
- die waardigheid en selfrespek van elke persoon met wie hy/sy in die loop van sy/haar dienslewering in aanraking kom, te erken, te handhaaf en te bevorder;
- lojaal aan die NG Kerk, en sy/haar besluite te wees en om enige bedenkinge op 'n verantwoordelike manier, deur middel van die ruimte wat deur die Kerkraad en ander kerkvergaderinge geskep is, onder die betrokke instansie se aandag te bring;
- alles in sy/haar vermoë te doen om die Gemeente se belang ten alle tye te bevorder.

Die pos vereis die volgende:

- Kennis en ervaring van kerklike getuieis of uitreikbediening.
- Verkieslik nagraadse opleiding in bestuur en/of menslike wetenskappe.
- Kennis en ervaring van die betuur van NPO's en PBO's.
- Rekenaarvaardigheid ten opsigte van MS Office Suite en Outlook is noodsaaklik.

Belangstellendes moet asseblief die volgende elektronies aan ons voorsien: marisa@nghelder.co.za

- Kort CV, nie langer as 4 bladsye
- Motiveringsbrief
- 3 Kontakbare referente
- In ruil vir jou dienste bied die NG Kerk Helderberg ? mededingende pakket en aangename werksomstandighede.

Sluitingsdatum vir aansoeke is **18 Maart 2022 om 12:00.**

Aanvangsdatum van pos is **01 Augustus 2022**

Rig navrae aan die Menslike Hulpbronbeampte via marisa@nghelder.co.za

Deur die indiening van hulle CV's, gee kandidaat toestemming dat die inligting soos vervat in hulle CV, onderworpe aan die terme en bepalinge van die POPIA-wetgewing deur KSM vir kerklike doeleindes asook vir die aanstellingsproses gebruik kan word.

Die taakspan Helderberg Gemeente behou die reg om nie 'n aanstelling te maak nie.



Die volgende produkte sal te koop aangebied word:

Pannekoek & "Jaffles"
Kleinkoekies
Koeke, Terte, Beskuit
Kinderverrassings
Lekkers en Fudge
Konfyt &
Ingemaakte produkte
Gemmerbier
Droëvrugte & neute
Pasteie & Poeding
Teekamer
Koffie, Tee, Cappuccino
Koek en Tert (aansit)
Naaldwerk
"Odds & ends"

SAT. 9 APR 2022
9:00 - 13:00

**SLEGS BESKIKBAAR OP
VOORAF BESTELLING**

**Hamburger & Chips
Snoek & Patats
Boereworsrolle**

Bestel by Liesle: ngsomerset@mweb.co.za
voor of op Maandag, 4 April om 14:00
Alhaal by die kerksaal: Sat 9 April vanaf 11:00

Persones wat graag tuisgemaakte produkte wil verkoop, wat nie hier gelys is nie, moet asb. met Tanja Mynhardt skakel by: **084 614 9057** op per epos: tanjamynhardt@gmail.com

Hoe kan jy ons help behalwe deur te koop:

Produkskenking: koekmeel, eiers, suiker, kondensmelk

(by die kerkkantoor voor of op Maandag, 4 April)
Gebak: Groot Koeke, Terte en Beskuit
Kindertafel Lekkerne en "Odds & Ends"

Betaalmetodes:

Kontant
Kredietkaart
Snapscan

**NGK KERKSAAL
ANDRIES PRETORIUSSTR 77
SOMERSET-WES**

